Helderstem

Sondagaankondigings en Nuusblad vir Helderberg Gemeente 5 November 2017 Jr. 6 Nr. 43
www.nghelder.co.za - 021 851 5582 - kommunikasie@nghelder.co.za

Enig in jou soort

Efesiërs 2:8-10 en 2 Timoteus1:6-7



Ons is deel van God se storie wat in en deur ons ontvou. God se storie is soos 'n groot legkaart. Die prentjie van die legkaart is die gesig van Jesus. Die menswording van Jesus Christus het gevolge vir elke mens en word herhaal in elke mens. Elkeen van ons is 'n stukkie van daardie legkaart wat aan Jesus se gesig lewe gee.

Ef 2:8-10 lees: "Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En dit kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand kan roem nie. Van Hom is ons immers 'n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen en daarvolgens te leef, soos God dit voorberei het. Ons is God se gedigte." Geskep in Christus Jesus – **poiēma** in Grieks – dit beteken ons is letterlik Sy kunswerke. The Amplified: "For we are His workmanship [His own master work, a work of art], created in Christ Jesus." Elkeen van ons is eintlik 'n kunswerk deur God gevorm sodat die wêreld kan sien dat God werklik is.

Timoteus was 'n gemeenteleier in Efese en Paulus bemoedig hom. Hy blaas daardie vlammetjie in hom aan tot 'n vuur. Paulus sê vir Timoteus: *And the special gift of ministry you received when I laid hands on you and prayed—keep that ablaze! God doesn't want us to be shy with his gifts, but bold and loving and sensible.*

Lekker om deel van gemeente te wees waar almal 'n kunswerk van God is.

Sondag 5 November

Doop

Enig in jou soort
2 Tim 1:6-7

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Hannes Theron
09:30 Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofgem	Danie Möller
10:00 HB Village	Andre Westraat
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk (slegs)	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Hannes Theron

Geen Tienerdissipelskap nie, slegs Tienerkerk vir die res van die jaar.

Getuienisgeleentheid:

Sir Lowry's Pass-projek
Hennie Groenewald 083 288 1271 of hennie@biosafety.org.za

Deurkollekte: Sir Lowry's Pass-projek

WiFi

Aanteken - NG-Guest
Wagwoord - ReD+b7uv

Sondag 12 November

Emmigrant of immigrant?
Joh 1:14

08:00 Meditatief	Breda Ludik
08:00 Klassiek	Hannes Theron
09:30 Meditatief	Breda Ludik
09:30 Informeel	Danie Möller
09:30 Jeugaktiwiteite	
10:00 Hoop Geloofsgem	Paul Barnard
10:00 HB Village	Hannes Theron
10:30 Internas Studente	Die Khaya
18:00 Tienerkerk (slegs)	Paul Barnard
19:00 Aandkerk	Danie Möller

Bid saam met ons vir die volgende:

Mia Cara Ferreira - (6 jr) leukemia
Sonja Kruger - gewas
Rehanna Nolte - beenkanker
Johannes Esterhuizen (jnr) - leukemia
Wilfred Stripp - lewerkanker
Ermano Aiello - breinoperasie
Johan en Engela Krüger - motorongeluk
Rinie Victor - herstel
Albert Strever - fietsongeluk, gehospitaliseer met skouer-operasie

Rou:
Retha Raubenheimer is oorlede, ons dink aan haar man Samual en die familie

Wat gebeur die week:

Dinsdag 7 November
06:00 Gesels en bid vir ons land - Tent
08:15 Senior Burgerklub
17:30 Eredienswerkgroep

Woensdag 8 November
06:00 - 20:00 Gebedsdag in Kapel

Donderdag 9 November
08:45 Bybelstudie
17:30 DC, DC4K, S&P en GS

Die volgende ouerpare doop op 5 November:

Klassieke diens
Cliffie & Anna-Mari Dickason met Abri Victor

Informele diens
Domenico & Michelle Balsamo met Mila
Merwe & Talita Benade met Behati
Jan & Lindsay Claassen met Malan Leon
Servaas & Anneri Haasbroek met Nina
Werner & Francis Rousseau met Eleanor
Pieter & Heléne Swanepoel met Lukas Pieter
Helgard en Charyke van Wyk met Elché

Spesiale Biddag

8 November - Kapel
As gemeente wil ons mee-doen aan 'n gebedsinisiatief om Woensdag, 8 November 2017, almal op te roep om die dag in te klee as 'n dag van verootmoediging en gebed en spesifiek te bid vir:
• die onaanvaarbaar hoë mate van geweldsmisdaad, waar-van plaasmoorde deel is.
• landbou-omstandighede en die impak van droogtes en klimaatsverandering op mense, diere en die omgewing.

Die Kapel sal van 06:00 tot 20:00 beskikbaar wees vir individue en groepe wat daar wil kom saambid.

Daar is ook elke Dinsdag van 06:00-06:45 'n gebedsgeleentheid in die tent.

Bid saam

Elke 2de **Woensdag** (8 & 22 November) om 08:15 - 09:00.
Enigeen is welkom.

Helderberg Seniorklub

Byeenkoms op Dinsdag 7 November om 8:45 vir 9:30.
Program vir die dag:
Woord en musiek. Kom geniet die oggend saam.
Besoekers welkom: R20 en dit sluit tee en verversings in.

Kontakpersoon: Isabel Lubbe - 021-855 1528 of 082 844 0735

Wil jy by ‘n omgeegroep/kleingroep inskakel?

Dit is ‘n ideale plek waar jy iets van God se liefde deur ander mense kan beleef. Gee jou naam op by die kerkkantoor (021-851 5582) of e-pos na omgee@nghelder.co.za. As jy bereid is om ‘n nuwe groep te begin kontak Danie O’Kennedy by 083 375 8441 of danieok@nghelder.co.za.

Dankbaarheidskoeverte

Dit is ons jaarlikse dankbaarheidstyd en daar is koeverte by al die ingange geplaas, asook by Ontvangs. Ongelukkig moet ons dit ook hard en duidelik sê dat dit finansieel nie goed gaan met die gemeente nie. Tot op datum is die gemeentebydraes R372 806 onder ons begroting.

HELDERBERG Gemeente

Jaarlikse Dankoffer

Leef met ‘n passie vir God en ‘n hart vir mense

Die oplossing is eintlik baie eenvoudig: Dit lê by elkeen van ons om weer opnuut biddend ons eie bydraes te heroorweeg.

Vir die kerkraad en personeel is dit terselfdertyd uiters belangrik om met groot omsigtigheid en verantwoordelikheid met die bronne tot ons beskikking om te gaan.

Ons wil die kerk verf - ‘n fondsinsameling

Dit is altyd lekker wanneer mense begin inisiatief en verantwoordelikheid neem. Die Here het dit op Irené Walters (083 744 2800) en Janus Barnard (082 853 7783) se hart gelê om fondse in te samel sodat ons die kerk kan verf. Dit is verseker nodig, eintlik dringend noodsaaklik, dat ons so spoedig moontlik daaraan aandag gee.

Hulle reël ‘n kuiergeleentheid op Sondag, 12 November 2017 van 17:00-19:00 by Peregrine Place 5, Erinvale teen R60 pp (kinders – R50 pp).

Hierdie kuiergeleentheid sluit die volgende in:

- Yskoue wyn met ‘n eetdingetjie in ‘n pragtuin wat met boorgatwater besproei word.
- ‘n Asemrowende uitsig en sonsondergang op die Hottentots-Holland berge.
- Agtergrondmusiek op ‘n vleuelklavier van Hollywood tot Halleluja; van Beethoven tot Bach.
- Mense kan hul hondjies aan leibande saambring.

Kaartjies is by Ontvangs van Helderberg Gemeente beskikbaar.

Laat die lepels loop!

Gasvryheid is deel van ons gemeente se kultuur en waardes. Daarom het ons die afgelope Sondag as deel van ons Tema: **Met wie sit ek om die vuur** ‘n paar Helderberg houtlepels uitgedeel.

Die idee is dat die gemeentelede wat dit ontvang het iemand uitnooi vir ‘n kuier, ete of sommer net ‘n koppie koffie sodat ons tyd saam met mekaar kan spandeer en mekaar beter leer ken. Daarna gee jy dan weer die lepel vir die volgende persoon sodat dit deur die gemeente kan rondkuier.

Ons wil ook graag foto’s en stories van die kuiers hoor – stuur dit gerus na ons Faceboek-blad: *Helderberg Gemeente Gesels Lekker*.

Gasvryheid is deel van ons lewe, omdat die Here vir ons belangrik is. Kom ons help om die gasvryheidskultuur in Helderberg te help bou.

Prevention vs cure

Doel: Veral vir jonger geslag wat beplan om in die buiteland of plaaslik ‘n wegbreekjaar te benut deur te werk en reis, te beskerm teen instansies wat adverteer en nie suiwer bedoelings het nie. So kan mensehandel voorkom word omdat die moontlike werksaanbod en werkgewer, asook die reisreëlings nagegaan word.
Maak gerus hiervan gebruik, statistiek wys dat daar heelwat onwettige werksaanbiedings gemaak word.
Hierdie diens is gratis en word deur STOP - Stop Trafficking of People, gedoen.
Vul die vorm in by www.preventionversuscure.com, klik op “fill in a form” en volg instruksies.

Kontak asseblief vir Isabel Vroon, 072 374 6776 vir enige verdere navraag.

Sir Lowry's Pass-Projek

Helderberg Uitreik se Sir Lowry's Pass-Projek se passie, energie en fondse word hoofsaaklik op die kinders van Sir Lowry's Pass (SLP) gefokus. Ons glo dat die opvoeding van kinders, as die volwassenes van die toekoms, die sleutel tot langtermyn armoede uitwissing en beter lewenstandaarde is.

Gevolglik fokus ons op die volgende:

◊ **Sir Lowry's Pass Village kindervoedingsprogram**
Daar word tans dmv hierdie program, genoeg hawermout, suiker, sout, gas, ens. aan Sir Lowry's Pass Primêre skool gelewer om vir 500 kinders elke oggend ontbyt te gee. Ons lewer ook kos, bestandele en gas aan Kingdom Kids crèche, Fiela Opperman en Babsie Steyn wat elke dag aan voorskoolse kinders kos gee. Laastens verskaf die projek ook bestanddele vir middagetes tydens sommige skoolvakansies, wanneer die Nasionale voedingskema nie aktief is nie. Hierdie program maak 'n direkte bydrae tot die voeding van die kinders en hul fisiese vermoë om ontvanklik vir opleidingsgeleenthede te wees. Volgens die skoolhoof het skoolbywoning- en slaagsyfers sedert die aanvang van hierdie program in Junie 2010 baie verbeter. Vir verdere inligting, skakel asseblief vir Sarita Groenewald by 082 557 5551.

◊ **Wiskunde *tutoring* en die SLP Hoërskoolbeursfonds**
Die SLP Hoërskoolbeursfonds ondersteun sedert 2014 SLP Primêr leerders wat graad 7 suksesvol voltooi het en met hulle hoërskool-opleiding voortgaan. Daar is tans 11 leerders in hierdie program. Die doel van die program is om behoeftige kinders d.m.v. 'n beurs in staat te stel om hulle hoërskoolopleiding suksesvol te voltooi. Die program is in 2017 uitgebrei om 'n wiskunde *tutoring* program vir graad 6 & 7 leerders by SLP Primêr in te sluit, om die leerders beter vir hoërskool voor te berei. Vir verdere inligting skakel asb vir Chris Eagar 082 873 7363.

◊ **Fiela se Young Ones-koffiekamer vir tieners**
Fiela het die inisiatief geneem om 'n koffiekamer vir tieners te begin waar hulle saans kan dans, sing, kuier en speletjies speel onder volwasse toesig. Dit bied 'n alternatief vir die smokkelhuise en *sjebeens* wat die wortel van baie kwaad in die gemeenskap is. Fiela neem ook die tieners op uitstappies en die polisie is aktief hierby betrokke om die tieners in te lig oor die gevare van o.a. dwelm- en drankmisbruik. Ons verskaf gereeld eet- en drinkgoed vir die kuieraande en die uitstappies. Vir verdere inligting skakel asseblief vir Magdel van den Berg by 072 218 9634.

Hoe kan jy betrokke raak?

- Ons het **gereelde finansiële bydraes** dringend nodig om die program volhoubaar te maak. Merk asb alle inbetalings aan Helderberg Gemeente duidelik 'Sir Lowry's Pass-voeding' of 'SLP-beursfonds'.
- Julle kan help deur **hawermout, mieliemeel, sout of suiker** vir die kinders of **koffie, tee, suiker, melk, koeldrank, koekies,** ens. vir die tieners na die Dienssentrum te bring. Merk ook asb die bydraes: 'SLP'.
- Nie-bedefbare kos vir **middagetes** tydens die vakansie (pasta, blikkies kos, soja maalvleis, soppoeier, konfyt, kontant vir die aankoop van vars bestanddele).
- Hulp met die wiskunde ***tutoring***-program – skakel asb vir Shani Steyn by 083 567 0409. Ons raak ook betrokke by 'n verskeidenheid van *ad hoc* projekte in SLP waar ons praktiese hulp met projekte soos bouwerk, konstruksie en tuinmaak baie sal waardeer word.
- Ons hoor ook graag van jou as jy enige goeie idees het wat tot die voordeel van die kinders van SLP ontwikkel kan word.

Bedankings

Baie **DANKIE** aan almal wat so getrou, die wye verskeidenheid van bydraes lewer – ons kan dit nie sonder julle doen nie. Julle liefde maak 'n groot verskil in die kinders se lewens!

Projekleier: Hennie Groenewald 083 288 1271.
Projekspan: Zahn Botha**,** Reitz & Marie-Helene Broeksma, Anneline de Wet, Chris Eagar, Hennie & Sarita Groenewald, Shani Steyn, Charl & Magdel van den Berg, Willie & Leonette Venter, Nico & Alet Vermeulen.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 (tjek)
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing Naam of bediening
Navrae Antoinette du Toit
021- 851 5582

Kerkkantoorure
Weeksdae: 08:00 - 19:00
Vrydae: 08:00 - 13:00
Sondae: 08:30 - 11:30
Skoolvakansie: 8:00 - 16:00

Helderberg Uitreik
Bankbesonderhede vir Art 18A.
ABSA Helderberg Tak: 632005
Rek nr. 9114483080
Spaarrekening
Verwysing: Projeknaam of WBB

Helderberg NG Gemeente
021 851 5582
www.nghelder.co.za
Leraarnoodnommer
083 988 2003
ontvangs@nghelder.co.za
Beradingsentrum:
Telefoon: 079 417 3863
helderhelp@gmail.com

SnapScan

Helderberg Gemeente

SnapScan

Helderberg Uitreik
Artikel 18A

Versorgingsfonds, ons is dankbaar vir ondersteuning

Gesinne in nood in ons gemeente word finansieel en maatskaplik deur die Versorgingsfonds ondersteun.
Dankie vir getroue bydraes.

Helderberg Gemeente
Bankbesonderhede
Bank ABSA Somerset-Wes
Rek nr. 2900 590 094 - tjek
Rek naam NGK Helderberg
Takkode 632 005
Verwysing *Versorgingsfonds*